# Vanderbijl-fotoklub se Augustus-oes

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging is 'n gesinsvriendelike klub en oud en jonk word verwelkom. Beoordelaars kyk met sagte oë en kommentaar na almal se inskrywings. Die klub was ook vanjaar die aanbieder van die jaarlikse Suid-Gautengkongres. Dit was 'n dag van kompetisie, uitsonderlike lesings, aanbiedings en natuurlik foto geleenthede.
Boonop het die klub as wenner uit die stryd getree met klublid Louisa Scheepers se oudiovisuele aanbieding..
Tydens die Augustus klubbyeenkoms is daar oudergewoonte ongelooflike foto's aangebied en na kopkrap deur die beoordelaars is die volgende wenfoto's aangewys:
Aanlyn: Mietsie Visser (senior fotograaf) se "Eyes of green".
Selfoonafdeling: Libbie Martiz (junior fotograaf) se "Lazy Lizzy".
Ope-afdeling waar enige foto ingeskryf kan: Mietsie Visser se "Kyk 'n bietjie soontoe" was die senior wenner (4, 5 Ster en hoër gradering) en Rosie de Jager se "Happy Feet" was die junior wenner (1 - 3 Ster).
Monochroom: Haig Fourie se "Dandelion center" was die senior wenfoto en Rosie de Jager se "Pasop my oog" die junior wenfoto.
Die maandonderwerp was Makro: Haig Fourie se "Groot oë" was die senior wenfoto en Deon de Jager se "From below" die junior wenfoto.
Al die wenfoto's kan op die klub se webtuiste www.vdbp-photo.org besigtig word. Interessante artikels word ook gereeld op hierdie webtuiste gelaai. Besoek ook gerus die klub se Facebookblad, VdbpPhotoClub.
Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za




Rosie de Jager se "Happy Feet".



Mietsie Visser se "Kyk 'n bietjie soontoe"



Haig Fourie se "Dandelion center".



Haig Fourie se "Groot oë".







Mietsie Visser (senior fotograaf) se "Eyes of green".



Libbie Martiz (junior fotograaf) se "Lady Lizzy".



Deon de Jager se "From below".



Rosie de Jager se "Pasop my oog".